DIE PIKETBERGER

DIE PIKETBERGER KOERANT
1 88
2068 1708

Jaargang 31 Nr. 6 piketberg.bergriviertourism.co.za Julie 2024 ☎ 022 913 1796

facebook Alle korrespondensie aan diepiketberger@gmail.com

R5,00

Piketberg se koerant vir Piketberg se mense...

Koebaai Sannie Klaase

Sannie Klaase begin haar onderwysloopbaan op 1 Januarie 1991 en tree af op 30 April 2024, na 33 jaar in die onderwys. Haar loopbaan begin by Achtervlei Morawies Primêr, vanaf 1991 tot 1994, waar sy ook waarneem as prinsipaal in 1993. In Oktober 1995 begin sy by Steynville Primêr. Daar het sy 'n baie suksesvolle en toegewyde onderwysloopbaan. Sy was absoluut gelukkig in haar beroep. Sy was betrokke by verskeie skool- en gemeenskapsprojekte. Sy het daarvan gehou om op verskeie komitees binne sowel as buite die onderwys te dien. Haar groot droom was om die leerders Sutherland toe te neem om hul kennis te verbreed rondom Astronomie, die Aarde en daar buite. Sedert 2012 tot in 2023 neem sy jaarliks die Gr. 7-leerders op 'n toer na Sutherland. Sy tree uit diens in die hoedanigheid as Departementshoof in die Intersen fase en het ook waargeneem as adjunk-prinsipaal. Tans dien sy as voorsitter van die Piketberg Museum.

Sannie Klaase. *Foto en berig verskaf.*

Pieter Smit skryf...p2
Julie 2004...p4
Broadway Classics NGK...p4
VLV Gesondheidsvergadering...p6
NG Kerk Piketberg help...p6
Piket Ploegdag...p8
Ds Danell Swanepoel...p10
Jos Grobbelaar...p12
Road to Recovery...p15
Ek n Jy Skaakklub...p16
PHS Fotoklub...p18

NG Kerk Piketberg
WWW-projek

Brei saam in Julie en Augustus aan die Wol Warm Winter (WWW) projek.
Laat weet asb vir Hanlie as u deelneem:
Hanlie 082 448 1231

Ons deel uit soos ons bedsokkies klaar het. Ons begin by ons eie huishulpe en hul families, ons tuinwerkers en hul families, ons bejaarde bure en maak seker dat almal in Piketberg die geleentheid het om hierdie winter wol warm voete te hê.

Since 1991
AutoTech
Longest serving Workshop in Piketberg
MECHANICAL WORKSHOP & AUTO – ELECTRICAL SPECIALIST
Auto – Electrical
Auto - Diagnostics
Mechanical Workshop
Quality Auto Parts
Motorcycle & Quadbike Supplier
Tel: +27 22 913 1939
37 Die Trek Street, Piketberg

SINCE 1952
LIEBCO FOODS
70 years of Meaty Goodness
Jou beste keuse
WINKEL URE:
Ma - Do: 07:30 - 18:00
Vrydae: 07:30 - 19:00
Saterdae: 07:30 - 14:00
LAMB STEW R99.95 per kg

SPAR 2U
The SPAR you love, now online!

Redaksioneel

20 jaar later

Vir my is dit elke maand baie interessant om te sien waaroor en oor wie *Die Piketberger* 20 jaar gelede berig het. Dan verlang ek na mense wat verhuis het na óf 'n aardse woning óf 'n hemelse woning. Ek beleef weer konserte wat gehou is, verstom my aan mense se ywer vir 'n saak en is weer van voor af bly oor prestasies wat die begin van groter hoogtes was. In 2004 is 'n meningspeiling deur PHS se gr 9's gedoen en 187 lesers van *Die Piketberger* se menings is ontleed. Die reaksie oorwegend positief met baie goeie en waardevolle aanbevelings, party uitvoerbaar, ander nie. Een voorstel was dat die koerant in kleur verskyn en danksy die internet is die koerant aanlyn in kleur beskikbaar. Met die gedrukte media tans 'n aktuele gesprekspunt in die media, is ek dankbaar dat *Die Piketberger* steeds deurgeblaai kan word. Dankie vir elkeen wat 'n R5 uithaal sodat ons kan aanhou met die gedrukte koerant. Dankie aan dierbare, lojale adverteerders wat die koerant se drukwerk grotendeels betaal. Dit sal lekker wees om weer 'n slag te hoor tot in watter uithoeke die koerant gelees word.

Liefde
Marietha

Baie dankie aan Carla Visser wat sedert April-maand die rekeninge hanteer.

Die Piketberger Redaksie

Berigte, foto's en proeflees: Marietha Goosen
☎ 022-913 1796
Uitleg: Isabel Lausberg
Admin en verspreiding: Marietha Goosen
Advertensies: diepiketberger@gmail.com
Volblad: *R550* ***Halfblad:*** *R390*
Kwartblad: *R270* ***Agsteblad:*** *R190*
Ander groottes op aanvraag.

Marietha Goosen

Isabel Lausberg

Briewe van ons lesers...

Pieter Smit skryf...
Die redaksionele kolom in die Junie uitgawe van die Poskantoor het my met heimwee terug laat dink toe ek 'n klein seuntjie was. Daar was mos op elke klein plekkie 'n poskantoor. Elke plaas het 'n poskantoorsak gehad. Die adres sal dus lui:
Aan Pieter Smit
Wilgerbosdrif
Het Kruis
Privaatsak Wilgerbosdrif
Elke Vrydag het die posman met sy fiets alle sakke op daardie roete geneem en by elke plaas se ingang uit die grootpad die plaas se sak aan 'n paal opgehang. Wanneer jy dink die posman het die sak al opgehang, dan gaan haal jy die sak. Ons opstal was so 2 km van die grootpad af. Toe ek nog nie in die skool was nie, was dit my werk om die sak te gaan haal. Dan het ek gehardloop om die sak te gaan haal, want ek het graag die Landbou Weekblad en die Huisgenoot deurgeblaai. Maandagoggende gaan hang ek weer die sak by die grootpad op en die posman tel dan alle leë sakke van plaas tot plaas op en neem dit terug na Het Kruis met sy fiets. Daardie dae het die boere sommer van olienhoutbome se stompe die hoekpale vir die kampdrade ingeplant. Die stompe was nooit reguit nie, maar lekker krom en skeef. Eendag toe ek so driekwart ver van die grootpad is om die sak te gaan haal, gewaar ek 'n snaakse ding daar waar die sak hang. Ek stop en bekyk eers die ding van ver af. Dan loop ek weer 'n paar tree nader en soos ek loop, verander die ding se fatsoen. Dit is soos die kromming van die stomp verander. Ek raak toe baie baie bang, en draai net daar om en hardloop in 'n rekord spoed terug huis toe, en vertel van die snaakse ding daar by die sak. Pa stuur toe 'n werker saam met my en toe besef ek ek het my net dinge verbeel. Dis heerlike terugdink tye.

Doen iets merkwaardig - Skenk bloed!
Maak dit jou nuwejaarsvoorneme!

Vanaf 2024 ELKE MAAND
klinieke by Piketberg Museum,
in die sinagoge
2024 Bloedskenkdatums:

25 Julie	31 Oktober
29 Augustus	28 November
26 September	27 Desember

AGRISELL
the source of prime property

Properties | Eiendomme

Plase & Kommersiële Eiendomme
Quinten Somers: 076 512 2215
Thys Basson: 083 448 1802

Residensieel
Chris-Fick van Niekerk: 083 293 9762
Sandra van Wyk: 082 531 1617

Verhurings
Sue-Maré de Vries: 084 654 2388
Yolanda Crous: 084 506 4288

Te Koop R225 000

Erf | 480m²
18 Bluegumstraat, Wheatfields, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Koop R2 335 000

4 Slaapkamer Huis met Woonstel
40 Die Trekstraat, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Koop R2 415 000

2 Slaapkamer Huis | 2 Badkamers
30 Levantlaan, Wheatfields, Piketberg
Kontak Chris-Fick: 083 293 9762

Te Huur R4000 p/m

Woonstel
Hoofstraat, Piketberg
Kontak Sue-Maré: 084 654 2388

Te Huur R67 per m²

Werkswinkel
Die Trekstraat, Piketberg
Kontak Sue-Maré: 084 654 2388

Verkoop deur Chris-Fick

Hoogstraat, Piketberg

DIE PIKETBERGER

20 Jaar gelede - Julie 2004
Redakteur: Pierre Steenkamp
Mede-Redakteur, berigte en foto's: Marietha Goosen
Advertensiebestuurder: Deon van Dyk
16 bladsye Donasie R1,00
Rubrieke Briewe van ons lesers, Uit Jannie se pen

Voorblad: RSG stem uit Eendekuil. Sharifa Maarman van Eendekuil eindig onder die top tien in RSG se landswye Voice of Choice kompetisie. **Dames in die dorp en Huis AJ brei truitjies vir Vigswesies, met wol wat deur NGKerk se Vrouediens verskaf word.** Life's 2 Short musiek en drama deur tieners word aangebied in die kerksaal. **Praktika Bondgenoot in Organisasie-ontwikkeling. Praktika bied 'n kursus vir Huiswerkers aan.** Alison se Swemskool spog met twee swemmers wat die hoogste vlak, Barracuda, behaal: Lara van der Merwe en Marianne van der Merwe. **Onderhoud met eiendomsagent Sandra van Wyk.** NGKerk se Pinkster is gehou deur Ds Jan Grey. Die vroue se ringsbyeen-koms se tema is Fantastiese Families. **Kola Shamley is 90.** PHS se gr 9's doen 'n statistiese opname oor lesers van *Die Piketberger* se menings. **Deana Burger van Eendekuil behaal silwer en brons vir Boland Karate.** Sarah Grobler open prokureurspraktyk. **Nuwe intrekkers: Willem en Elena Louw; Dirk en Rosa Kunz.** Mariëtte Odendaal skryf oor Malawi as reisbestemming. **Trippe Trappe verkoop Perfect Moments produkte.** Dete Hanekom wen 'n kombers by Pep Stores. **Piketberg ACVV hou Boemelaarsdans: Pryse gewen deur Pierre en Suzette Olivier; Gielie Visser en Gerda Kok.** George en Felicity van 7deLaan (Nico Panagolopoulos en Melanie du Bois) besoek Boland Spar. **Lions hou konsert met Soli Philander.**

Die volgende Piketberger is die Augustus-uitgawe en verskyn op 1 Augustus 2024. Sperdatum is 23 Julie 2024. Stuur advertensies, rubrieke, nuus, foto's na diepiketberger@gmail.com

Broadway Classics in NGK

Op 26 Mei is die gehoor in die NGKerk Piketberg vermaak en verryk deur bekende orrelmusiek deur Johann Enslin en sang deur Jan Olivier. Die lieflike veldblomvoorstelling is geskep deur Moira van der Westhuizen en Christa Rossouw, met blomme geskenk deur die Duncans, Langtons en Pretorius'e. Alison Müller het al die reëlings behartig.

Jan Olivier, solis, met sy seun, Dirk, Alison Müller en Johann Enslin, orrelis. Foto's: Hanlie Linde

Alison Müller, regs, by Moira van der Westhuizen en Christa Rossouw, twee blomkunstenaars.

Piketberg Dieresorg

Skenkings van komberse, hondekos, katkos, Nekbandjies, leibande en katmandjies welkom.

Hierdie advertensie geborg deur
Sam en Berenice Scheepers

ORDER YOUR
200g STEAK or 400g RIBS or Full SCHNITEL
CALAMARI STRIPS
Get one of these Starters
ONLY R28
CRUMBED MUSHROOMS
The OUTPOST
FAMILY RESTAURANT

Uit die kunskamer van
Saars Shabby 'n Shine
met baie "shabby" en bq "shine"

Dagsê al my mede dorpsbewoners. Ek groet julle vandag uit 'n bibberende Sutherland met die hoop om prentjies te kan teken in die sneeu! Sal ons suksesvol wees? Geen idee, maar die natuur stel nooit teleur en daarvoor kan ons net dankbaar wees. Gisteraand kon ons inboek by Rooilande na 'n lieflike rit deur die hobbels en oor heuwels, waar ons strepiesperde, kudu's en pronkende springbokke kon beloer en kiek. Op die kunstefront is ek alweer besig met 'n 'swop' vir 'Junk Journals' wat begin het waar vroue baaaie jare gelede letterlik allerhande 'junk' papiere gebruik het om vir hulself boekies te maak om hul gedagtes, drome, en 'elke dag se lewe' neer te pen en dagboek te hou van hul hoogte- en laagtepunte. Dit alles op gebruikte koeverte, agterkante van briewe, advertensieblaaie, servette en enige denkbare skryf-oppervlakte! Dit het toe uitgebrei na geskenkies tussen mekaar en nóu, járe later, vlam dit weer op...net bq moderner, maar soms steeds gevul met itzies en bitzies wat opgetel of vergaar word. Verder is ons land se 'scrapbooking queen' oftewel Michelle van Wyk, besig om 'n Winter NSD te koördineer met daagliks vir die vólle Julie elke dag 'n nuwe uitdaging of tegniek om te leer en saam te speel. Dankie toggie, die uwe se kunshoekie is uitsorteer en vir 'n wyle sal ek darem weet waar my goetertjies gebêre is, selfs my miljuisende blommetjies is meer georden as ooit! Beteken dit dat ek nou weet waar elke ding is? Beslis nie. Maar van een ding is ek nou eers seker, en dit is dat ek genoeg nuwe foto's sal hê om mee rond te speel ná hierdie rondry-week...en dis altyd 'n bonus, want ek maak tonne nuwe uitlegte en ek het báie rame wat geduldig wag om nie meer nutteloos rond te staan en 'spook'-rame genoem te word nie. Laat ek groet en verder al die mooi gaan klik en kliek deur die lense. Tot 'n volgende keer...bly veilig en hou julself heerlik warm voor die kaggels.

VLV Gesondheidsvergadering

Ronel Henning open die vergadering, waarna **Louis Viviers** inligting verskaf oor alles wat nodig is vir 'n besigheid om hulle Voedselveiligheidsertifikaat te ontvang. Louis ontbeen 'n springbokboud, wat uitgeloot word en **Jackie Ferguson** is die gelukkige wenner. Hy het ook 'n heel hoender opgesny. **Joan van Kraayenburg** en **Vera Moir** vertel van hulle reis met kanker. Mbt VLVK Projek "Bevorder en kweek 'n liefde vir die natuur en diere", oorhandig voorsitter **Nicoline Brown** hondekos aan **Katinka Morrison** vir Piketberg Dieresorg.

Briewe, artikels en foto's word gratis geplaas.
Stuur na: **diepiketberger@gmail.com**

A MUST SEE DEAL

A frame (to the value of R1200) and lenses.

T's & C's apply

Single vision **R1750**
Bifocal **R2050**
Multifocal **R2850**

www.biermangroup.co.za

Malmesbury
+27 22 482 4454
Prima Centre
Voortrekker Rd

Piketberg
+27 22 913 1349
Piquetberg mall
54 Long St

Langebaan
+27 22 772 0393
The Laguna Mall
Laguna St

Vredenburg
+27 22 719 1165
Weskus Mall
Saldanha Rd

Piket Klub Ploeg- & Enjindag

Op 08 Junie 2024 kom Eendekuil se boeregemeenskap en belangstellendes van oraloor bymekaar vir die ploeg- en enjindag. Veteraanmotors, trokke en enjins word besigtig. Deelnemers vertoon hulle trekkers waarna daar begin ploeg is. 'n prettige dag met baie eet, gesels en vermaak, is afgesluit met 'n Moeggeploegdans om die stof van die dag af te skud. Foto's: Isabel Lausberg

piketberg mediese sentrum

Tel: 022 913 1146
Praktyk kontaknr tydens beurtkrag: 064 0710 395

Ma - Vry: 08h00 - 17h30
Sat: 08h00 - 13h00

Dr Pieter Bruwer (Spesialis Huisarts)
Dr Sam Scheepers (Algemene Praktisyn)
Dr Bibi Werle (Sonar)
Ilse Bruwer (Spraakterapeut)
Merina de Waal (Dieetkundige)

SINCE 1952
LIEBCO FOODS
70 years of Meaty Goodness

BESOEK JOU NAASTE LIEBCO VIR KWALITEIT PRODUKTE MET SAKPAS PRYSE!!

LIEBCO Express
CITRUSDAL - CLANWILLIAM
PORTERVILLE

GELUKKIGE TREKKING

WENNERS

SALOMON TITUS

JOLENE BOOYS

MARELINE VAN ROOYEN

SAAM MAAK ONS 'N VERSKIL

KORINGBERG PRIMÊR

PIKETBERG RUGBY KLUB

MIDDELDEURVLEI PRIMÊR

GAAN VOLG ONS OP LIEBCO VLEISHANDELAARS SE 'FACEBOOK & INSTAGRAM' OM OP HOOGTE TE BLY MET DIE NUUTSTE AANBIEDEINGE.

Media Statement Budget Approved by Council

"We understand the challenging economic times that our people are living in". So said Alderman Ray van Rooy, Executive Mayor of Bergrivier Municipality, during the delivery of his budget speech on Friday, 31 May 2024 at a Council Meeting held at the Allan Boesak Community Hall in Piketberg. This was the second time Bergrivier Municipality took its Council Meeting to the public in a community hall. Bergrivier Municipality's budget for the 2024-2025 financial year, totalling at just over R659 million, was approved by Council. Van Rooy mentioned that preparing the final budget was a daunting task under the current economic circumstances, both locally and globally. "In drafting this budget, all office bearers and the administration had to find a balance between affordability and the delivery of services," said Van Rooy. There are several factors that had an impact on drafting the budget which mainly came from the macro environment, including: Global economic risks; distruption to the freight and logistics sector; persistent and prolonged loadshedding (impacting on service delivery); National government's fiscal consolidation strategy (which translates into lower government grants); and understanding that the tax and tariff payers are overburdened, creating a situation whereby municipal bills are becoming unaffordable. Despite these challenges, the delivery of excellent services and improving the quality of life of all residents remains the number one priority for Bergrivier Municipality. The budget was drafted and aligned to the needs of the communities we serve, as documented in the approved Integrated Development Plan (2022-2027). The approved budget consists of the following: Capital Budget of R75,954 million; and Operating Budget of R583,355 million. Van Rooy indicated that in order to fund this budget, increasing the tariff charges were unavoidable, but it was done responsibly after much deliberation. Tariff increases which will take effect as from 1 July 2024: Water increases by 6,9%; Electricity increases by 10,9% (Subject to NERSA's approval); Refuse removal increases by 20%; Sewerage increases by 6,9%; and Property Rates increases by 6,9%. "In preparing the final budget, we also had to incorporate the guidelines provided by National Treasury. I can confirm Bergrivier Municipality's commitment to spend economically rather than spending the economy. It will be expected of the entire administration to continue to find alternative and innovative measures of ensuring service delivery without necessarily having to increase the cost to the taxpayer and consumer", Van Rooy boldly explained. The Municipality will continue to support the vulnerable within the communities through the implementation of indigent subsidies to qualifying households, which will receive a support package consisting of 50 free electricity units, 6 kilolitres of free water and a 100% subsidised standard household refuse removal and sewerage tariff per month. Van Rooy concluded his speech by thanking the Budget Steering Committee under the leadership of Councillor Daniels, the Municipal Manager, the Chief Financial Officer and the staff in the Strategic Services Department and Budget Office, Directors and other personnel who were involved in compiling the budget and related documents. To view the full budget and other related documents, please visit the municipality's official website at www.bergmun.org.za or contact 022 913 6000. We thank the public for their vested interest in the budget.

Ds Danell Swanepoel

Ds Danell Swanepoel is op 29 Junie by die NG gemeente Redelinghuys bevestig. Saam met ds Danell, middel links, is ds Martin Goosen van Piketberg, VanZyl Van der Merwe, kerkraadsvoorsitter, ds Elize Stander van Velddrift, wat die bevestiging waargeneem het, dr HJ Prinsloo van Koringberg en ds Jaco Nel van Porterville. Foto's: Marietha Goosen

Briewe, artikels en foto's word gratis geplaas.
***Stuur na:* diepiketberger@gmail.com**

WYNLAND
-GRONDVERSKUIWING.com
082 416 2543

Masjinerie te huur:
* 5 tot 33t Slootgrawers
* Stootskrapers D6 & D8
* Padskrapers
* Dumpers
* Rollers
* Waterkarre
* Masjinerie vervoer
* Diggerloaders ens.

Dienste:
* Damme bou en herstel
* Paaie
* Bouplatforms
* Siviele werk
* Plaveisel pak
* Ontbossing
* Grondvoorbereiding
* GPS Rip en Ridgewerk
* Spitdol en Ontworteling

ROLAND RHODES
082 416 2543
wynlandplant@gmail.com

FMTM

FULL MOON THAI MASSAGE

Treatment	20 min (Specific Symptoms Massage)	30 min	60 min
Thai Original	R150	R280	R380
Thai Oil	R150	R280	R380
Sport Massage	R150	R330	R430
Head / Neck / Back / Shoulder	R150	R280	R380
Foot Massage	R150	R280	R380
Ear Spa	-	R280	-
Hot Stone + Massage	-	-	R500
Facial Massage	-	-	R450
Cupping + Massage	-	-	R500
Only Cupping	R250	-	-
Only Hot Stone	-	-	R380

To make a reservation please phone 064 404 9558
or send an email to bookings@fmtm.co.za

www.fmtm.co.za

Groete uit Australië

deur Carushka Rabe

Carushka Rabe

Ek hoop al die pappas het 'n lekker Vadersdag gehad en 'n wonderlike tyd saam met hulle kinders. Ons vier Vadersdag eers in September. Familiebyeenkomste word buite in die natuur gevier, met bv 'n piekniek by die see, om buite in die tuin te barbecue of in die woud te gaan stap. Omdat dit baie koud en nat is hierdie tyd van die jaar, is Vadersdag geskuif na Septembermaand, wanneer die weer weer warmer is. Ons het wel as 'n gesin na die Bunbury Dolphin Discovery Center gegaan om 'n SA- Vadersdag vir Jurie te gee. Wat 'n lieflike dag. Ons het gesien hoe die seekatte en ander visse gevoer word. Die seeskilpaaie wat gerehabiliteer word, is al vrygelaat, gevolglik het ons hulle gemis. Die winter is vreeslik koud met temperature van 5°C en 2°C, wat die koudste is wat ons beleef het. Jurie het al ys op sy bakkie gehad een oggend. Die koring, kanola, weivelde en onkruid hoor jy omtrent deur die dag groei. Dis pragtig groen om ons. Die woud is ook meer lewendig ongeag die vreeslike koue. Soggens baie vroeg word die kaggels aangesteek tot saans laat. Francois het 'n week van "workplacement" waar hy vir 'n week by Afgri Boyup Brook gaan werk. Jurica het in Farmskills geleer om 'n klein trekker te bestuur en geleer hoe om te saai. Ons ouers het een Saterdag die Farmskills kinders gaan help om die plasie en stoor reg te pak en bome af te saag vir meer plek. Dit was meer pret as werk. Vir middagete het die kinders vir ons "sizzels" gemaak. Dit is 'n worsie op 'n sny brood met gebraaide uie en sous. Jurie werk hard en hy werk party Saterdae ook as die nood druk, dan gaan help Francois sy pa. Die tye wat Francois werk word alles neergeskryf en word op rekord gehou vir ná skool. Ek het ook al my voete gevind in Boyup Brook. Ek en nog twee dames maak soggens voor skool en na skool die klaskamers, kantore en kleedkamers skoon. Ek is by die hoërskool. Dit is eintlik baie lekker. Deur die dag het ek tyd vir my eie huisgoed en kos maak voor ek die middagskof aanvat. Ek werk nie naweke nie en kry vier keer 'n jaar vakansie. Wat meer wil jy hê. Ek het ook intussen my "working with children" kaart van die staat af gekry en het ook my Ausie bestuurderslisensie gekry. Ons is omtrent bedrywig en aan die gang, maar is baie gelukkig. Die verlange lê diep na ons mense en ons dorpie, maar ons weet dis waar ons nou moet wees en waar die Here ons wil hê.

MORRISON TRADERS

Cell/Whatsapp: 072 319 8996 Email: gdvmorrison@yahoo.com
Fax: 086 274 4227 Web: www.carnivalcandyfloss.co.za

Werk/Reis/Wegbreek

Morrie's Place InTown (Piketberg)
Gastekamer - Netflix en 'n Uitsig

- Badkamer met aparte ingang -
- Stoof met warm plate -
- Gratis Wi Fi - Braaiplek - Mikrogolf
- 2 x enkelbeddens - Kroeg Yskas
- Selfsorg - Swembad - Veilige Parkering -
Netflix TV - Plaas staproete -

Maxi blend smart food
(Piketberg omgewing)

Ons verskaf 'n uiters bekostigbare, smaaklike en gebalanseerde maaltyd.

Perfek vir:

- nagskuilings
- Skole
- Klinieke
- Sopkombuise
- Enige huishoudings se spens
- Kinderhuise
- Plaaswinkels

Produk is: Suikervry, Vetvry, Hoog in vessel, Lae GI, Hoog in proteine, Geskik vir diabete

Whatsapp: 072 319 8996 (Villiers)
Email: gdvmorrison@yahoo.com

Like us on Facebook

Piketberg koerier
Vrydae

Wil jy dalk iets op facebook market place/ gumtree ens koop? (Kontant optel beskikbaar)

Ek tel en laai pakkies af/op, Vrydae in die Kaapse voorstede en omliggende dorpe

Hanteer en lewer ook besigheids en privaat pakkies af, vanaf Piketberg / Moorreesburg / Malmesbury na Kaap en omliggende dorpe

Carnival Candy Floss /
Spookasem

Partytjies - Promosies - Skole - "Baby showers" - Nagereg menu - Markies - Donasies - Kinder speelparke - Winkels - Troues - meer

www.carnivalcandyfloss.co.za

Rus in vrede, Dr. Hannah-Reeve Katzeff Sanders



Dit is met groot hartseer, maar ook diepe dankbaarheid, dat ons hierdie huldeblyk aan Dokter Hannah-Reeve Katzeff Sanders, wat op 4 Junie 2024 in die ouderdom van 95 oorlede is, bring.

Dr. Sanders is op 25 Augustus 1928 in Kaapstad gebore, maar sy het in Piketberg grootgeword en haar Matriek by Piketberg Hoërskool voltooi. Sy het voortgegaan om hoë mylpale in haar loopbaan as mediese dokter te bereik, maar haar hart en wortels was altyd in Piketberg. Haar enigste seun, Robin, wat in London woon, vertel hoe sy met elkeen van sy besoeke aangedring het dat hy haar Piketberg toe neem. Met elke besoek het sy wonderlike stories van haar grootword jare en die mense van Piketberg vertel. Van haar laaste besoeke aan Piketberg is sy deur twee van haar kleinkinders vergesel.

Daar is 'n paar (informele) onderhoude wat met Dr. Sanders gevoer is, op Piketberg Museum se webtuiste by www.piketbergmuseum.co.za te sien. Daar is ook 'n afskrif van die meestergraadstudent, Lyla Bloch, se tesis oor die lewe van Dr. Sanders, by Piketberg Museum beskikbaar. Dr. Sanders was nouliks by die navorsing en opstelling van die pragtige uitstalling in die sinagoge oor Piketberg se geskiedenis betrokke. Dit het haar baie na aan die hart gelê.

Sy was 'n merkwaardige vrou, met 'n groot nalatenskap – ook hier in die hartjie van Piketberg. Sy laat beslis 'n leemte in ons harte en by Piketberg Museum agter. Mag sy in vrede rus -
Piketberg Museum Komitee

Piketberg Museum
Kerkstraat 022 913 2177
info@piketbergmuseum.co.za

Road to Recovery

Saccsfit hou 'n suksesvolle Road to Recovery fondsinsameling tbv Miandi Strydom se rehabilitasieprogram. Enigeen kon 'n donasievorm voltooi met oefeninge vir die Sacssfit trainers. Op die foto is Saccsfit trainers saam met Miandi, middel agter: Henco Nel, JJ Benn, Lené Keyser, Kenneth Smit en voor Wian Brundyn en Rivaldo Klaaste. Foto: Marli Benn

'n Verlange na Toeka se dae op die plaas

Tierkloof lê teen die voet van Porterville se berg. Oupagrootjie se huis is deur hom en sy werkers met kleistene gebou, uit die kleiwalle by die fonteinstroom. Met huisie gereed, trou hy en bring sy bruid plaas toe. Ragel was die tuiswerker. Sy het die vloere met perskepitte op klei gepak en vas gemessel, dit gevryf tot blink, soos geen duur houtvloer ooit kon lyk nie. 'n Hart van goud en 'n tweede ma vir ons. Ons stads- kleinkinders was byna elke vakansie op die plaas. Ons was so 7/8/9 jaar oud en Ragel se kleinkinders was ons grootste speelmaats. Saam kleilat gegooi, draadkarre met houtwiele gebou, regte intrepreneurs. Die Joodse oom het gereeld met sy perdekar kom smous, wonderlike ware verkoop of verruil. Lekker taai toffies en niggerballs vir ons en rokmateriaal en kombuisware vir ouma, in ruil vir skaapvelle, boegoe of riete. Hy het ons draadkarre verkoop in die dorp en weer draad en spykers vir ons aangekoop. Ons het gereeld gemmerbier en karringmelk by Ragel se kombuistafel geniet. Ons uit porselein bekers, wat langs hulle blikbekers in die "side board" met die papier-geknipte "doilies" gestaan het. Saans het ons baie langs die "gellie-blik" gesit ('n groot olie-drom met gate) waarin vuur gemaak is. Soms selfs 'n skaaprib bo-op gebraai. Dan is dit tyd vir spookstories vertel, ook van die tokkelossie-spook (half mens en half dier), wat Ragel se man smaaklik kon doen; terwyl ons grillings kry en ons al stywer teen ouma inkruip. Soms ook by Oupa en ouma gaan inkruip in hul groot hemelbed met die reuse donskombers (van ganse se donsvere gemaak) net om vaak genoeg te word, sodat ons kan gaan slaap. "Cheers vir eers" tot volgende keer. Groetnis – Anita

MEDIESE PRAKTISYNS

Drs Smit & Morrison

Hoofstraat 60 Main Street
PIKETBERG
7320

☎ 022-913 1172
alle ure / all hours
🖷 022 913 1907

Besigheidsure / Business Hours
Ma - Vry 08:00 - 17:30 Mo - Fri
Sat 08:00 - 13:00

Op die Rakke van die Biblioteek...

Bespreking deur Marietha Goosen

Somtotaal
Deur Anchien Troskie



Die skrywer van Somtotaal, Anchien Troskie, skryf Dis ek, Anna onder die skuilnaam Elbie Lötter. Dis 'n ware verhaal, haar eie verhaal, toe sy as dogtertjie deur haar stiefpa gemolesteer is. Daarna skryf sy Die staat teen Anna Bruwer, wat 'n fiksieverhaal is, asof dit die gebeure is ná die moord op haar stiefpa. Op die vraag wat haar oortuig het om haar eie traumatiese verhaal te vertel, is haar antwoord: Eerlik? Ek weet nie. Dit was nie regtig 'n besluit nie, eerder 'n gegewe. Ek wou nog altyd skryf, en om my eie verhaal te vertel was die maklikste. En die moeilikste. Daarna volg Nooit is 'n lang lang tyd oor die wel en wee van drie vriendinne. Stiltetyd handel oor die greep van dwelmverslawing en dwelmhandel. Somtotaal is 'n boek oor haat, jaloesie en verraad. Haar nuutste boek is Die laaste kanariegeel notaboek, oor twee sussies wat hulle oorlede ma se huis moet opruim. Anchien is al amper 36 jaar getroud met Lafras, haar skoolliefde, en woon op 'n plaas net buite Jreffreysbaai. Die inspirasie vir Somtotaal was 'n foto tussen haar skoonma se besittings toe hulle haar moes help om haar meenthuis in Bloemfontein op te pak: op die foto van 70 jaar gelede is sy en haar swart maatjie wat op die gras lê en boek lees. Die foto op die voorblad van Somtotaal is ook die foto wat heeltyd in Mila se gedagtes is, wat teen haar ma se kamermuur is. Somtotaal speel af tussen twee families op een plaas, Dassiepoort, later Paardenkraal en later Humansdorp: Drie generasies Marees: Hannes en Magdaleen, later Wouter en Ester Labuschagne, later Dewald en drie generasies Majolas: Nomsa, Nonthando, Milagro. Die naam van die boek word eers genoem op die voorlaaste bladsy: "Sy (Mila) het wys geword, so deur die jare. Sy het die somtotaal van haar lewe leer verstaan. Vrees, verlies, verandering, vernedering, verdriet, vrede en vreugde. Dalk is dit die somtotaal van almal s'n?" Die indeling van die hoofstukke is die verskillende verteldele: Vrees, verlies, verandering, vernedering, verdriet, vrede, vreugde met die grootste deel Verlies. Op dieselfde dag/ nag gebeur iets ingrypends met die twee (eens) boesemvriendinne en hulle kinders: Ester het 'n mislukte selfdoodpoging op amper 50, en Nonthando sterf aan 'n hartaanval, op 52. Dewald en Elanie (en Wouter) moet met die gevolge van hulle ma, Ester, se poging saamleef. Mila moet die skok van haar ma, Nonthando, se skielike en ontydige dood hanteer. Wat alles kompliseer, is die liefde wat Mila vir Dewald het, maar die haat wat sy teenoor sy ma, Ester, het. Ester het vir Mila en Nonthando, op die dag van ouma Nomsa se begrafnis, van Dassiepoort af weggejaag. Die verraad wat gepleeg is, word eers aan die einde van die boek bekend gemaak. Die boek hou die leser deurgaans aan die raai oor wat die verraad is wat aan Ester vreet.

Ek n Jy Skaakklub

Harold Cleophas, die burgemeester van die Swartland Plaaslike Munisipaliteit oorhandig skaak horlosies aan Peter Farao, skaakmeester van Ek n Jy se skaakklub in Koringberg. Die Ek n Jy skaakklub is in 2022 gestig deur Ek n Jy se direksie gelei deur Cecilia Mackay en Rosie de Klerk met Peter Farao aan die stuur. Vir meer inligting skakel Ek n Jy by 083 22 66 099 www.eknjy.co.za

Julie Boekbespreking

Leeskring Woensdag 17 Julie. Hulle noem haar Carminda deur E. Kotzé. Bespreking deur Elzeth Kruger.

Piketberg Animal Care NPC

GOLF DAY

Saturday 24 August 2024

De Hoek Golf Club, Piketberg

R500 for team of 2 OR R1000 for team of 4
(1 golfer & 1 non-golfer)

4BBB Alliance · 2 Scores to Count · Prefer Drive

Help us make a difference to the lives of animals and communities in Piketberg, with a day of golf, food and fun.

Tickets include pre-game tea, coffee and biscuits, boerewors rolls, salads, braai packs, refreshments & more.

1st, 2nd and 3rd prizes up for grabs for winning teams.

Choose your team and get ready for a fun day out!

PIKETBERG DIERESORG - PIKETBERG ANIMAL CARE NPC
082 829 6918

Ticket sales now open!

For bookings contact
Charl Smith:

0834571423

All proceeds and donations go to Piketberg Animal Care NPC in aid of mass sterilisation drives and clinics, helping communities and animals in Piketberg.

Piketberg Animal Care NPC
Account: 1606488552
Bank: Capitec (470010)
Reference: GOLF

PHS Fotoklub

Henro Brand behaal vyf aanvaardings by die 2024 German International Photocup vir sy foto's 'Colour Spill', 'Still or Sparkling' en 'Ruby Toadstool Duo".

Tristan West behaal een aanvaarding by die '36th LUXEMBOURG International Youth Salon vir sy foto 'A Storm is Brewing'. Die groep 0-16: Jeug-fotograwe van Suid-Afrika het algehele eerste plek gekry in die wêreld teen die jeug van die wêreld!

Anieka Möller

Anieka Möller behaal 'n 'Honourable Mention' by die PSSA American Youth Showcase 2024, vir haar foto 1 Thessalonians 5-11 by die PSSA America Youth Showcase 2024.

Anieka Möller ('Together as One') en Kara Wasserfall ('A Little Snack') behaal elk een aanvaarding by die 2024 German International Photocup.

Die NG Kerk se 40Dae reeks skop op 4 Augustus af. Elkeen word uitgenooi om in hierdie tyd by 'n kleingroep in te skakel of 'n nuwe kleingroep te vorm, dalk in wyksverband of in vriendekringe of bybelstudiegroepe. Sodoende deel ons ons geloofsreis met ander mense, ons kuier saam met mede-gelowiges, lees saam Bybel en bid saam. Werksboekies kan by die kerkkantoor bestel word @ R40/boekie. Kontak die skriba, Reinet Jonker gedurende kakantoorure 022-913 1750 of stuur 'n WhatsApp na 062 268 7534 of 'n epos na ngkpiketberg@pcnetmail.co.za.

SUPERSPAR BOLAND

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

AFTREEGROET AAN 'N GELIEFDE SPANLID NA 35 JAAR

Dankie, Anita Le Fleur, vir 35 jaar se diens en toewyding. Jy was 'n ongelooflike spanlid. Jou pligsgetroue lojaliteit, saggeaardheid en nederigheid sal ons altyd bybly. SUPERSPAR Boland wens jou 'n gelukkige aftrede toe!

Robert Jankielsohn, Anita Le Fleur en Philip Jankielsohn.

Dean Jankielsohn, Razeen Winlock, Shameel Davids, Tanya Jankielsohn, Sunell van der Westhuizen, Cheila Goliath en Morgan Phillips. Alita Louw, Anita Le Fleur en Marlene Visagie.

Spaarblikkies by SUPERSPAR Boland maak 'n onmeetbare verskil in die gemeenskap.

Die sente bring in meninge behoeftige huise blydskap. Dankie aan al ons klante vir u bydraes! Bestanddele ter waarde van R3 000.00 is aan Burgemeester Ray van Rooy se sop-in-'n-bottle projek geskenk. Hul verpak self bestanddele vir 'n maatlyd wat vier mense voed. Hondekos ter waarde van R3 000.00 is aan Piketberg Dieresorg geskenk en bestanddele ter waarde van R3 000.00 aan Badisa.

Lorenzo Ockhuis, Philip Jankielsohn, Ian Merka en Hendrik Cloete (Ray van Rooy Sop-in-'n-bottle Projek)

Dawn Fryer en Katinka Morrison (Piketberg Dieresorg)

Hannie Visser (Badisa) en Michelle Mentoor.

Baie geluk aan ons uitblinker spanlede wat die 12 maande "Supervisor Development Programme" voltooi het! Ons is so trots op wat jul vermag het by SPAR Hoofkantoor se Academy of Learning.

Philip Jankielsohn, Jeremine van Toera, Sanra de Klerk, Sally Dietrich, Junita Julies en Robert Jankielsohn. Sunell van der Westhuizen, Marlene Visagie en Liezel Nthane.

Villagers Wittewater RFC Ontvang hul splinternuwe rugbytruie wat deur SUPERSPAR Boland geskenk is.

Dean Jankielsohn, Freddie de Klerk, Nicky Solomon en Philip Jankielsohn

SUPERSPAR BOLAND

DEEL VAN DIE GEMEENSKAP, IN DIENS VAN DIE GEMEENSKAP

Valid until 31 July 2024

CHIKKA CHICKEN

Piketberg 022 913 1163
Order and Pickup Whatsapp 072 094 3346

Inskrywings:
Entry Ninja
Die geleentheid word saam met AURORA SKOU aangebied

We now have 2 motorbikes for your convenience and to ensure quick SPAR 2U delivery!
Please meet Joseph and Andrew, if you haven't met them yet, you are missing out!

To Stay up to date with the SUPERSPAR Boland Promotions Scan this QR Code with your Whatsapp Camera to Join Our Whatsapp Group

2 BOLAND SUPERSPAR PROMOTIONS
WhatsApp group